

Lêerno.: 18/5/2
Verwysing: 20230607-5204

Inrigtingshulpbronondersteuningminuut: 0009/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-
ondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en
Prinsipale van gewone openbare en tersaaklike spesiale skole

Onderwerp: Aflewering van graad R- tot 9-DBO-werkboeke vir 2024

1. Soos in 'n brief van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) uiteengesit, sal die DBO werkboeke vir die 2024-skoolkalenderjaar druk en aan alle openbare skole (gewone en spesiale skole) in die Wes-Kaap versprei.
2. Die volgende boeke sal direk by skole afgelewer word:
 - Graad R-werkboeke
 - Graad 1 tot 6 Huistale
 - Graad 1 tot 3 Wiskunde in die taal van leer en onderrig (TLO)
 - Graad 4 tot 9 Wiskunde in Engels en Afrikaans
 - Graad 1 tot 6 Engels Eerste Addisionele Taal
 - Graad 1 tot 3 Lewensvaardighede in die TLO
- 3.1 Volume 1 vir 2024 (Kwartaal 1 en 2) en vir graad R sal vanaf Augustus 2023 tot September 2023 by alle skole afgelewer word.
- 3.2 Volume 2 vir 2024 (Kwartaal 3 en 4) sal vanaf Oktober 2023 tot November 2023 by alle skole afgelewer word.
4. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) is gedurende Maart 2023 versoek om die DBO van die geprojekteerde leerdergetalle te voorsien vir werkboeke wat vir 2024 gedruk en afgelewer moet word. Die leerdergetalle wat aan die DBO voorsien is, is op die betrokke SOBIS-inligting wat op daardie tydstip beskikbaar was, gebaseer.

5. Die getal werkboeke wat by elke skool afgelewer moet word, stem ooreen met die leerdergetalle wat deur die WKOD aan die DBO verskaf is. Die getal werkboeke wat skole per graad van die DBO vir aflewering kan verwag, kan onder leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) (KABV-handboeke) op die WKOD se webwerf besigtig word. (Die webadres is <https://wcedonline.westerncape.gov.za/learning-and-teaching-support-material-itsm>)
6. 'n Riglyndokument wat die prosedure voor en tydens die aflewering van die werkboeke uiteensit, is as **Bylae A** by hierdie minuut aangeheg.
7. Wanneer die werkboeke deur die DBO-diensverskaffer afgelewer word, moet skole die getal werkboeke wat afgelewer is met die getalle wat op die bogenoemde webwerf verskaf is, vergelyk. Enige aflewering in die verkeerde tale of enige tekorte moet op die afleweringbewys aangedui en met die diensverskaffer wat die werkboeke namens die DBO afgelewer het, bespreek word.
8. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle tersaaklike personeel.

GETEKEN: MS ABRAHAMS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2023-06-23